
SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## DANSSTUDIES

## 2023

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met AGT vrae in totaal.

2. AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG (60 punte)
   - Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.

   AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID (90 punte)
   - Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees elke vraag aandagtig deur en let op na wat gevra word.

5. Lees die AKSIEWERKWOORD aan die begin van elke vraag om te sien wat verlang word.

   VOORBEELDE VAN AKSIEWERKWOORDE WAT IN DIE VRAE GEBRUIK IS:
   LAEVLAK-VRAE: kies, vind, noem, pas, definieer, waar of onwaar
   MEDIUMVLAK-VRAE: beskryf, verduidelik, brei uit
   HOËVLAK-VRAE: analiseer/ontleed, evalueer, beredeneer, gee mening

6. Jy mag rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

7. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
   - Slegs in een taal te skryf
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat wat in sekere vrae vereis word, te gebruik
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig

8. Skryf netjies en leesbaar.



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

## VRAAG 1: BESERINGS

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 B.

1.1.1 Die term RYKE verwys na 'n …

A asemhalingstegniek.
B behandeling by eerstehulp.
C voedselgroep.
D oefening. (1)

1.1.2 'n Opwarming …

A verhoog die liggaamstemperatuur.
B produseer melksuur in die liggaam.
C veroorsaak stywe spiere.
D verminder die omvang van beweging. (1)

1.1.3 Afkoeling word … gedoen.

A aan die begin van die dansklas
B een keer per maand
C aan die einde van die dansklas
D slegs wanneer jy so voel (1)

1.1.4 Inflammasie is …

A 'n skeur in 'n spier.
B swelling of 'n rooi kleur om 'n gewrig.
C wanneer gewrigte nie belyn is nie.
D 'n skielike verdraaiing van 'n gewrig. (1)

1.1.5 'n Simptoom van 'n spierkramp is …

A swak soepelheid.
B 'n geskeurde ligament.
C toename in hartklop.
D pyn veroorsaak deur sametrekking. (1)


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.2 Bestudeer die terrein in die beeld hieronder en beantwoord die vrae wat volg. (Hierdie beeld is in swart en wit.)



[Bron: https://za.pinterest.com/pin/914862416410985/]

1.2.1 Identifiseer DRIE uitdagings waarvoor die danser te staan sal kom as hy op hierdie oppervlak dans en verduidelik hoe dit 'n besering kan veroorsaak. (3 x 2) (6)

1.2.2 Verduidelik wat die danser in die beeld hierbo kan doen om veilig uit hierdie posisie te land. (4)

**[15]**

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID**

Beantwoord die volgende vrae.

2.1 SOEPELHEID

2.1.1 Gee 'n definisie. (1)

2.1.2 Verduidelik die verskil tussen *statiese* en *dinamiese strekwerk*. (2)

2.2 SPIERKRAG

2.2.1 Gee 'n definisie. (1)

2.2.2 Verduidelik hoe 'n gebrek aan spierkrag paarwerk/opligoefeninge kan beïnvloed. (3)

2.3 KERNSTABILITEIT

2.3.1 Gee 'n definisie. (1)

2.3.2 Noem TWEE oefeninge wat kernstabiliteit kan ontwikkel. (2)

2.4 UITHOUVERMOË

2.4.1 Gee 'n definisie. (1)


2.4.2 Verduidelik die verskil tussen die TWEE tipes uithouvermoë. (2)

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.5 NEUROMUSKULÊRE VAARDIGHEDE

Verwys na die beeld hieronder en beantwoord die vraag wat volg. (Hierdie beeld is in swart en wit.)



[Bron: https://za.pinterest.com/pin/462322718009287244/]

Analiseer hoe neuromuskulêre vaardighede deur die dansers hierbo gebruik word. Motiveer jou antwoord met voorbeelde. (7)
**[20]**


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: ALGEMENE GESONDHEIDSORG**

3.1 Verduidelik hoe ongesonde gewoontes en/of portuurdruk 'n danser se toewyding, fokus en konsentrasie kan beïnvloed. (6)

3.2 Identifiseer TWEE redes waarom hidrasie belangrik is en verduidelik waarom dit 'n danser se opvoering sal verbeter. (2 x 2) (4)
**[10]**

**VRAAG 4: DANSOPVOERING/-UITVOERING**

4.1 Beskryf hoe jy die volgende uitvoerende vaardighede in dans kan gebruik:

4.1.1 Uitdrukking (1)

4.1.2 Interpretasie (1)

4.1.3 Teenwoordigheid (1)

4.1.4 Projeksie (1)

4.1.5 Verpersoonliking (1)

4.1.6 Dinamiek (1)

4.1.7 Musikaliteit (1)

4.1.8 Aandag aan detail (1)

4.1.9 Vlotheid (1)

4.2 Noem jou hoofdansvorm.
Identifiseer DRIE hoofbeginsels van jou dansvorm.

Beskryf hoe jy elkeen van hierdie DRIE beginsels in jou solo-dansuitvoering sal demonstreer. (6)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID

### VRAAG 5: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE

5.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 5.1.6 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.1.1 Sinkopasie | A die unieke klank wat 'n instrument maak |
| 5.1.2 Toonhoogte | B 'n groep note wat gelyktydig gespeel word om 'n wysie te vorm |
| 5.1.3 Toonkleur | C wanneer twee of meer ritmes gelyktydig gespeel word |
| 5.1.4 Melodie | D hoe hoog of laag 'n noot is |
| 5.1.5 Poliritme | E wanneer die aksent op 'n swak of halwe slag geplaas word |

(5 x 1) (5)

5.2 Gedurende die ontwikkeling van jou choreografie-PAT was dit belangrik om jou vordering skriftelik op te teken. Verduidelik hoe jy jou joernaal tydens hierdie proses gebruik het. (8)

5.3 Verduidelik hoe danselemente kreatiwiteit in improvisasie en choreografie kan ontwikkel. (12)
**[25]**


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 6: DANSGELETTERDHEID

6.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

6.1.1 'n ... verhoog skei die gehoor van die kunstenaars. (1)

6.1.2 'n ... verhoog is 'n opvoerruimte waar die gehoor die kunstenaars omring. (1)

6.1.3 Die materiaal wat aan die kante van die verhoog hang en vir ingange en uitgange gebruik word, word ... genoem. (1)

6.1.4 Die ... aan die voorkant van 'n verhoog laat toneelveranderinge toe. (1)

6.1.5 Die wit skerm aan die agterkant van 'n verhoog word 'n ... genoem. (1)

6.2 Noem TWEE dansvorms en vergelyk die eienskappe daarvan. (2 x 5) (10)

6.3 Verduidelik hoe simboliek in dans gebruik word om 'n boodskap/idee te kommunikeer. Motiveer jou antwoord met voorbeelde. (10)
**[25]**

## VRAAG 7: DANSWERK

Kies EEN danswerk wat jy in die klas bestudeer het uit die lys hieronder.

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | DANSWERKE | INTERNASIONALE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|---|---|
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld* | George Balanchine | *Apollo* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* | Alvin Ailey | *Revelations* |
| Alfred Hinkel | *Bolero* **OF** *Cargo* | Martha Graham | *Lamentations* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* | Christopher Bruce | *Ghost Dances* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* | | |

Skryf die danswerk wat jy gekies het, neer.

7.1 Skryf 'n opstel wat die voorgeskrewe danswerk beskryf. (20)

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



7.2 Analiseer die beeld hieronder en beantwoord die vraag wat volg. (Hierdie beeld is in swart en wit.)



[Bron: https://unsplash.com/photos/NxjbPitBxUY]

Kies 'n danswerk wat jy bestudeer het uit die voorgeskrewe lys op bladsy 9.

Verduidelik hoe jy 'n gedeelte/afdeling van hierdie danswerk in die terreinspesifieke ruimte in die foto hierbo getoon, sou herskep. (5)

**[25]**

**VRAAG 8: CHOREOGRAAF**

Kies EEN choreograaf wat jy in die klas bestudeer het uit die lys hieronder.

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | INTERNASIONALE CHOREOGRAWE |
|---|---|
| Alfred Hinkel | Alvin Ailey |
| Gregory Maqoma | Martha Graham |
| Sylvia Glasser | George Balanchine |
| Veronica Paeper | Christopher Bruce |
| Vincent Mantsoe | |
| Mavis Becker | |
| Hazel Acosta | |

Jy is gevra om 'n aanbieding vir die *Dance Studies Online* YouTube-kanaal voor te berei. Jou onderwerp is 'n voorgeskrewe choreograaf.

Skryf 'n teks vir jou video-aanbieding wat die choreograaf se agtergrond en artistiese prestasies insluit. **[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 90**
**GROOTTOTAAL: 150**

*Kopiereg voorbehou*

SA EXAM PAPERS